Maandbrief

September 2008

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ☽ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Ons staan op die vooraand van lente. Lente is so 'n spesiale seisoen. Daar is altyd iets nuut wat ons kan verwag. Na die koue en nat winter is lente vir my lekker, nie net vir die warmer weer nie, maar ook vir al die nuwe blomme wat oral opkom. Dis so verfrissend om dit alles te sien en ook na die gesing van die voëltjies te luister.

Net soos wat die lente iets nuut bring vir daardie jaar moet daar ook seisoene van lente in ons lewens wees. Daar is gewoonlik 'n opgewondenheid in die lug oor wat die lente vir hierdie jaar bring, net so moet daar 'n opgewondenheid in ons lewens wees vir wat vir ons wag. Ons moet altyd gereed wees sodat God iets nuut in ons lewe kan doen. Die sade wat in die ander seisoene gesaai was, moet nou in die lente in my lewe opkom. Is jy gereed en bereid dat God iets nuut in jou lewe doen? Die mens moet altyd op 'n plek wees waar hy of sy kan verander. Dit is net God wat nie verander nie. Die mens moet verander sodat daar nuwe ontwikkeling, nuwe uitdagings en nuwe groei sal plaasvind.

Maak gereed, want dalk is jou lente besig om aan te breek.

Baie dankie vir elkeen wat so betrokke in die gemeente is: of dit nou is deur wat jy doen of selfs net is deur die goeie gesindheid wat jy openbaar. God sien dit raak. Mag God elkeen ryklik seën en nuwe blomme in jou lewe laat opkom.

As u gewonder het wanneer ek by u gaan uitkom, wees gerus, ek is besig om by almal huisbesoek te doen. Ek kom nog by jou.

God bless
Past. Leon

Elke ding wat ons nodig het,

is in God se stoor weggepak –

alles is verniet en alles is op die onderste rak

waar kindertjies dit maklik kan bykom.

Grootmense kan dit ook bykom –

Hulle moet net op hulle knieë staan!

Ballingskap

Ons het hierdie afgelope tyd op Sondae gehoor van hierdie tema, genaamd ballingskap. Net soos Israel in ballingskap was, het ons gehoor dat die kerk ook in 'n tipe van 'n ballingskap is. In hierdie tyd moet die kerk egter nie skroom om gevaarlike stories te vertel of om gevaarlike kritiek te lewer nie.

Die rede waarom ons as kerk soveel kan waag, juis in hierdie tyd van ballingskap, is omdat daar vir ons 'n nuwe uittog is. Dit word gelei deur Jesus Christus. Ek en jy het die verantwoordelikheid om mense te vertel van Jesus wat ons uit hierdie uittog uit lei. Laat ons lewens deur woord en daad 'n getuienis lewer van vryheid.

Evangelisasie:

Die Evangelisasie beplan 'n:

Uitreik Musiek Fees

vir Oktober 2008.

Hou die Naweekblaaitjies dop vir verdere inligting.

Pieter de Witt

Seniors:

Ons is besig om vir die seniors in die gemeente 'n ontbyt te reël, waar ons almal lekker saam kan kuier.

Verdere besonderhede sal nog vir julle deurgegee word.

Julie Burger

Onthou van Sondag se pannekoek en kuier na afloop van die aanddiens. Dis die ideale geleentheid om iemand saam te nooi.



Nagmaal: 31 Augustus



Ons wil net van hierdie geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir al die susters wat bygedra het vir ons nagmaalbekers.

U kan hierdie Sondag by die nagmaaldiens ons nuwe stelletjie sien waarvoor u gesorg het. Weereens baie dankie.

Dagboek:

September 2008

Sondag, 31 Augustus	Nagmaal
Sondag, 31 Augustus	Pannekoek en kuier na aanddiens
Vrydag, 5 September	*YES: Hoekom is daar verskillende kerke?
Vrydag, 12 September	*YES: Hoekom moet ons vergewe?
Vrydag, 19 September	*YES: Hoe bou ek 'n verhouding met Jesus?
Vrydag, 26 September	*YES: Afsluiting

Twee donkies wei in die veld naby Jerusalem.
Eerste donkie: "Ek kan dit nie verstaan nie, eergister het almal my toegejuig en hul klere en palmtakke op die pad gegooi sodat ek met Jesus op my rug daaroor kon loop. Maar van gister af is ek weer net mooi niks. Niemand sien my meer raak nie."
Tweede donkie: "Ja, dit werk maar so, sonder Jesus is jy niks in die lewe nie."

Augustus was (soos u reeds weet):

"DIAL A FRIEND"

maand gewees.

Baie dankie aan almal wat spesiaal moeite gedoen het om iemand saam kerk toe te bring. Moet egter asb. nie ophou om mense te nooi nie. Ons gemeenskap is VOL mense wat God nodig het.